**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 705/2012

In die aansoek van:-

| | |
|---|---|
| **BENJAMIN PETRUS VAN NIEKERK N.O.** | 1ste Applikant |
| **MARIA VAN NIEKERK N.O.** | 2de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **ABSA BANK BEPERK** | 1ste Respondent |
| **JAN STEPHANUS HUGO** | 2de Respondent |
| **FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BEPERK** | 3de Respondent |

---

**AANGEHOOR OP:** 8 MAART 2012

---

**UITSPRAAK DEUR:** CLAASEN, WND R

---

**GELEWER OP:** 22 MAART 2012

---

[1] Op 8 Maart 2012 het ek uitspraak hierin gelewer en vermeld dat my redes later verskaf sal word. Hiermee my redes.

[2] Hierdie aansoek is op 20 Februarie 2012 geloods nadat die eerste respondent (Absa) 'n voorlopige perfekteringsbevel op 13 Februarie 2012 verkry het, welke bevel per ooreenkoms met applikante verleen is. Die bevel *nisi* is later verleng, by ooreenkoms, ten einde al die partye geleentheid te gee om hulle stukke te liasseer en die verdere aansoek van

Farmsecure, aansoek 772/2012 te akkommodeer. Hierna sal na die applikante as “die trust” verwys word.

[3] Die trust het die hof op ‘n dringende basis genader vir ‘n bevel waarom Absa Bank en die tweede respondent, onder andere, nie verbied moet word om in te meng met die boerdery-aktiwiteite van die applikante, applikante se plaas Mandalay te betree sonder vooraf verkreë toestemming nie, nie hulle personeel of werknemers op die plase aan te bring of daarop toe te laat nie, met die applikant se krediteure in aanraking te kom op ‘n wyse wat die applikante se goeie naam en reputasie skaad nie, enige roerende item wat die eiendom van enigiemand anders as applikante s’n is, in besit of beslag te neem of dit te merk, enige vee of ander roerende goed wat op Mandalay gevind word, beslag te lê of te merk indien die respondente sodanige roerende item nie positief kan identifiseer as die eiendom van die applikante nie en dat respondente gelas word om die applikante se plaas, naamlik Mandalay, en alle ander plase waarop die applikante boer te die distrik Winburg summier te ontruim en te verlaat en dit nie te besoek sonder die vooraf verkreë toestemming van die applikante nie.

[4] Die trust se saak is dat Absa beslaggelê het op al die roerende bates op die plaas ongeag wie die eienaars is en dat so ‘n optrede nie deur die hofbevel van Kruger R gesanksioneer is nie. Die trust beweer dat hierdie bevel wat hulle verlang behoort te slaag want wat Absa doen, word nie deur die tussentydse bevel gemagtig nie. Dat die bank verder gegaan het as wat die hofbevel hulle magtig, deurdat hulle ‘n kollaterale bestuurder aangestel het om die trust se boerdery-aktiwiteite te beheer en te bestuur; welke persoon weer twee ander werknemers van die trust, naamlik Posthumus en Du Toit, aangestel het om voortaan opdragte van die bank uit te voer; dat werknemers van die bank hul intrek geneem het in die fasiliteite van die trust, sonder dat toestemming daarvoor gevra is en dat wagte by die ingangshek geplaas word wat besoekers kontroleer wat steurend inwerk op die trust se gebruik van die plaas; die bank op alle roerende bates beslaggelê het ongeag hul daarop gewys is dat sommige van die bates nie die trust se eiendom is nie en skape met ‘n tatoeëermerk gemerk het wat onuitwisbaar is. Die bank het voorts beslaggelê op die opbrengs van die veiling van 14 Februarie 2012 waar die betrokke vee nie die eiendom van die trust was nie en ry die bank se verteenwoordigers op die plaas rond sonder die

trust se toestemming en veroorsaak ook ‘n steurnis vir die trust se boerderybedrywighede. Laastens dat die bank se prokureurs inmeng met skuldeisers van die trust en buite-persone kontak terwyl die hofbevel nie hulle aldus magtig nie. Hulle stuur die hofbevel aan derde-persone en dit skaad die reputasie van die trust.

[5] Dit is gemeensaak dat die bank toegangsbeheer by die toegangshek tot die trust se plaas toepas en dat dit nie uitdruklik in die hofbevel gemagtig is nie. Dit is gemeensaak dat die skape by wyse van ‘n tatoeëermerk gemerk is. Dit is verder gemeensaak dat die bank, sonder dat dit uitdruklik in die hofbevel gemagtig is, ‘n kollaterale bestuurder aangestel het en dat hy beheer oor die voerkrale geneem het en laastens is dit verder gemeensaak dat die implemente op die trust se plaas gemerk is, welke merkery ook nie spesifiek deur die hofbevel gemagtig is nie. Die trust beweer dat Absa op alle vee beslaggelê het, wat duidelik insluit vee wat nie die trust se vee kon wees nie. Dit is strydig met die hofbevel wat net verwys na “roerende bates” waarvan die trust die eienaar is.

[6] Absa se standpunt is dat om gevolg te gee aan die

aangevraagde regshulp die effek sal hê dat die bevel wat reeds verleen is, van nul en gener waarde is, aangesien dit die bevel totaal ongedaan sal maak. Absa kan nie besit of beheer oor die roerende bates verkry, indien hulle nie op die plaas Mandalay kan kom nie. Effektiewe beheer word gevolglik Absa ontneem. Indien die amptenary en werknemers die plaas moet verlaat, het dit presies dieselfde effek. Die Balju, as amptenaar van die hof, het besit van die roerende bates geneem en Absa het die bates vanaf die Balju ontvang.

[7] Die bank se standpunt is dat hierdie aansoek niks anders as ‘n appèl of ‘n hersiening van die voorlopige bevel wat verleen is, uitmaak nie en dat dit op grond daarvan alleen afgewys behoort te word.[1]

[8] Aangesien die aansoek vir finale regshulp is, behoort die **PLASCON EVANS**-beginsel daarop van toepassing te wees, waar daar feitegeskille ontstaan. Die bank wys op ‘n verskeidenheid van feitegeskille wat uit die stukke ontstaan het, soos dat die trust beweer dat Absa Bank parate

---

1 **VAN RENSBURG AND ANOTHER NNO v NAIDOO AND OTHERS NNO; NAIDOO AND OTHERS NNO v VAN RENSBURG NO AND OTHERS** 2011 (4) SA 149 (SCA) op 161 B – E.

eksekusie toepas wat deur die respondent ontken word, die klagte oor die wagte word erken, maar dat dit redelik en noodsaaklik is om beheer uit te oefen oor die in- en uitbeweeg van roerende bates, die bewering dat Absa beheer oor ander bates op die plaas, ongeag wie die eienaar is, word deur Absa ontmoet dat die bates wat uitgewys is en waarop beslaggelê is, uitgewys is deur die plaasbestuurder, Mnr. Posthumus, en blyk dit ook dat die eerste applikant daar opgedaag het tydens hierdie proses en geen aanduiding gegee het dat die bates waarop beslaggelê word nie die trust se bates is nie. Sy bewering dat hy geen kennis van enige aard ontvang het voordat Absa die notariële verbandooreenkoms afgedwing het nie, word ontken en is daar gewys op gesprekke wat die bank met die deponent gevoer het, sy tekening van skriftelike toestemming om besit te neem van die bates, die onwaarskynlikheid dat hy nie verstaan het wat perfektering beteken nie, waarom hy dan sou gevra het dat Absa net hulle optrede moet oorhou tot na die naweek aangesien hy die naweek 'n verjaardagpartytjie op die plaas gaan hou, die feit dat die persone op applikant se plaas gebring is en dat daar inderdaad uitdruklik toestemming verleen is en die feit van inmenging met skuldeisers 'n geval is waar slegs Absa steun op die sessie

en skuldeisers daarvan in kennis gestel het. Absa noem verder dat die voorlopige bevel by ooreenkoms bekom is en dat Absa, op versoek van die applikante, nie die bates van die applikante se plaas verwyder het nie en dat dit noodwendig 'n gevolg het dat Absa die plaas moes betree ten einde besit en beheer van die trust se roerende bates oor te neem. Daar was net geen ander wyse andersins nie. Waar derde persone wel hulle eienaarskap aangetoon het, is sodanige roerende goed wel aan hulle gelewer.

[9] Dit blyk ook uit die stukke dat die aanstellings van die werknemers met goedkeuring en instemming van die eerste applikant en die eerste applikant se prokureurs geskied het. Dit sou juis volgens hulle bydra daartoe dat persone wat weet hoe voerkrale werk, beheer en kontrole uitoefen.

[10] Almal is dit eens dat hierdie aangeleentheid nie vir 'n getuienis verwys kan word nie en het applikante die risiko geloop dat die saak afgewys kan word slegs weens hierdie feitegeskille wat duidelik voorsienbaar is. Slegs daarom behoort die aansoek afgewys te word.

[11] Sekerlik kan 'n hofbevel nooit uitdruklik iedere en elke

handeling magtig wat in ‘n bepaalde geval behoorlike kontrole en beheer oor ‘n respondent se roerende bates verteenwoordig nie. Daar behoort ‘n praktiese en realistiese benadering gevolg te word en in die huidige omstandighede, veral met die ooreenkoms dat die diere op die plaas moet aanbly, is al die optredes van Absa myns insien nie onredelik in die omstandighede nie en is dit redelik noodsaaklik gewees om behoorlike kontrole en beheer oor hulle besit van roerende bates uit te oefen. Die tatoeëermerke op die skape was bloot vir identifikasiedoeleindes en vir geen ander rede nie, so ook die merk van die implemente.

[12] Weens bogemelde redes het ek die aansoek afgewys met koste.

**J.Y. CLAASEN, WND R**

Namens die applikante: Adv. A. Danzfuss SC
Adv. J. Zietsman
In opdrag van:
Christo Dippenaar Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens eerste respondent: Adv. J.P. de Bruin SC
Adv. P.J.T. de Wet
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens derde respondent: Adv. P. Zietsman
Adv. N. Snellenburg

In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/sp